| 31 Julie | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE




**SONDAG 2 AUGUSTUS 2026 SE EREDIENSTE:**

**08:00**
**Kuierkerk**
Stephan Naudé
Daniel 6

**09:00**
**Hangklipkerk**
Heinrich Carstens
Romeine 9

**10:00**
**Kleinmondkerk**
Stephan Naudé
Romeine 9:1-13

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

## Lidmate wat voorbidding nodig het vir spoedige herstel...

Jannie van Huyssteen (Bb4)
Beth de Villiers (Sa4)
Eunice de Villiers (Ba1a)
Francoise Roos (Sb3)

# KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
| --- | --- |


**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157


DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
**NG GEMEENTE KOGELBERG**
*ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA*

*Kogelberg se getuienis*

# Getuienisweek 2026

## "Maak mense My dissipels" – ons maak die sprong!

## Sondag 16 Augustus tot Sondag 23 Augustus

Jesus het nie reklame gemaak vir sy Goeie Nuus deur dit aan 'n koerant of agentskap toe te vertrou nie. Hy het net sy dissipels gestuur!

Sy dissipels moes ... deur hulle lewe en woorde die Goeie Nuus versprei.

- Tema van die erediens op Sondag 16 Augustus
  **Gaan maak dissipels hier en verder**

Kuierkerk **08:00**: Ds Kobus van Zyl, Reebokgemeente
Kleinmondkerk **10:00**: Ds Kobus van Zyl, Reebokgemeente

Hangklipkerk **09:00**: Prof. Nelus Niemandt, Wellington

- Tema van die byeenkoms teen laatmiddag
  **Dissipels wat bid**

Kleinmondkerk **17:30**: Ds Kobus van Zyl, Reebokgemeente


# NUWE INTREKKERS

welkom

by ons in die NG Gemeente Kogelberg. Kom maak asseblief 'n draai by die kerkkantoor of gee jou kontakbesonderhede vir een van ons dienswerkers of wyksouderlinge. Ons sal jou graag wil besoek!

# VROUEDAG Funksie

*'n Oggend van saam lag en kuier in goeie geselskap!*




## Saterdag 8 AUGUSTUS

10:00

**NG KERKSAAL**
EERSTE LAAN 36 - KLEINMOND

*Gaskunstenaar*
FRANCOIS BOYCE

*Bespreek jou plek vandag!*

**R200** PER PERSOON

*Sluit* EET- EN DRINKGOED IN

KONTAK DIE KERKKANTOOR VIR ENIGE NAVRAE - 028 271 3740

# Deuroffers

## Sondag 2 Augustus




## Sondag 9 Augustus



## Terugkerende Malawiërs

Ons gemeente is al geruime tyd ondersteunend betrokke by gelowige Malawiërs wat Sondae eredienste in Overhills hou as deel van 'n gemeente in Somerset-Wes van die Livingstonia Sinode van die Kerk van Midde-Afrika Presbiteriaans.

Tydens die optogte en geweld teen immigrante vroeer vanjaar was daar ook lidmate wat in die stadsaal skuiling gesoek het en met die busse na Malawi teruggekeer het. Alhoewel meer lidmate wou terugkeer na Malawi, het baie om verskeie redes nie toe teruggekeer nie. Tans is daar lidmate wat graag wil teruggaan na Malawi, maar nie die nodige fondse het om die buskaartjies en ander koste te dek nie. Sommige het reeds buskaartjies, maar nie genoeg fondse vir uitgawes aan die grense en voedsel nie. Die oorblywende lidmate is tans besig met 'n poging om onder mekaar fondse in te samel om te help met die kostes van die lidmate wat reeds kaartjies het, veral vir vroue en kinders.

Indien iemand finansieel wil help om dit vir hierdie broers en susters moontlik te maak om op 'n veilige en waardige manier na Malawi terug te keer, kan u die fondse by die kerkkantoor inbetaal met die verwysing "Malawiërs". Voorkeur sal gegee word om diegene te help wat reeds kaartjies het. Ons sal poog om op 'n gepaste wyse terugvoer te gee oor die fondse wat ingekom het en hoe dit aangewend is.

# Program vir die week 2-8 Augustus 2026

## Sondag 2 Augustus

*17:00* ***Kogelberg Kids***
*(Kerksaal)*

## Maandag 3 Augustus

**11:30** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 4 Augustus

**09:00** Hangklip Gebedsgroep
**11:30** Gerimed Biduur
**16:30** Kleinmond Gebedsgroep
**17:30** Bid vir Sendelinge

## Woensdag 5 Augustus

**11:00** Dagbestuur (Kapel)
**17:00** Dissipelskapgroep (Hangklip)
**18:00** Rusplek (Kapel)
**18:30** Dissipelskapgroep (Kleinmond)

## Donderdag 6 Augustus

**06:00** Hangklip Mannegroep
**06:30** Kogelberg Mannegroep (TYD)
**09:00** Begeleidingspan (Kapel)
**15:00** Senior Burgers (TYD)
**16:00** Gemeentebediening (Kapel)

Saterdag
8 Augustus
Vrouedag-funksie
in die kerksaal om
10:00!


Ons Gebedsgroepe
doen elke Dinsdag voorbidding vir die gemeente en gemeenskap
Hangklip om 09:00
Gerimed om 11:00
Kleinmond om 16:30


Dinsdag 4 Augustus
17:30
Kapel
Bid vir Sendelinge


Dagbestuur
Woensdag 4 Augustus
om 11:00 in die Kapel


Rusplek
Woensdag om 18:00
begelei deur Jannie Hougaard


Dissipelskap Reisgenote
Woensdae
• 17:00 - 18:30 @ Hangklipkerk
• 18:30 - 20:00 @ Kleinmondkerk


Begeleidingspan
Donderdag
6 Augustus
om 09:00
in die Kapel

# Kleinmond Wyksraad

## Herstrukturering van die Wyksraad

Ons versoek die gemeente om voorbidding te doen vir leiding en seën gedurende die herstrukturering van die Kleinmond Wyksraad. Ons glo dat die Heilige Gees die ouderlinge en dienswerkers sal lei en die geroepenes sal bemagtig om met vertroue te dien.


# Sondag 9 Augustus

## Nagmaal Koskas

Onthou dat ons weer met ons Nagmaalviering (9 Augustus) ons gebruiklike koskas-insameling het vir ons Caritas-projek.

Enige nie-bederfbare produkte sal waardeer word.





# Erediensstye 2026

Kuierkerk @ 08:00

Hangklipkerk @ 09:00

Kleinmondkerk @ 10:00

In die Kleinmondstreek sal daar gedurende **skoolvakansies en langnaweke** slegs **een erediens om 09:00** in die **Kleinmondkerk** wees.



## VGK Kleinmond Fondsinsamelingsprojek

**KOOP 'N LOOTJIE @R50 EN STAAN 'N KANS OM TE WEN:**

1ste prys – 'n Halwe Lam
2de prys – 'n Halwe Lam
3de prys – 10kg Varktjops
4de prys – 'n Boks bevrore hoender

Beskikbaar by die Kerkkantoor.

# Koffiebottels

Ons benodig **skoon leë koffiebottels met deksels** vir die Kleinmond Sopkombuis.

Jy kan dit by die **kerksaal** aflaai.

# MANNESANGAAND

## Gewyde samesang met orrel- en trompetbegeleiding vir mans oud en jonk!

"Word vervul deur die Gees, terwyl julle onder mekaar psalms, lofgesange en geestelike liedere laat opklink, ja, van harte tot die Here sing en psalmsing, en God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus dank."

*Efésiërs 5 : 19-20*

**Saterdag 15 Augustus begin om 17:30**
**Gereformeerde Kerk Kleinmond**
**13de Laan 72, Kleinmond**
**Toegang is gratis**
**Koffie & Tee**



# Veels geluk!



## Saterdag 1 Augustus

Robin Lilly Halgryn (PB1)
Elmarié Kluyts 082 576 1209 (Sa2)

## Sondag 2 Augustus

Alrina Brink 074 966 1462 (Ba1b)
Christoff Els 084 290 6527 (KB5)
Susie Henn 073 002 2936 (KB1)

## Maandag 3 Augustus

Gielie Loots 072 243 6246 (PB3)
Gerda van der Merwe 082 928 7471 (Sa3)

## Dinsdag 4 Augustus

MC Franken 083 359 7929 (PM2)
Lampies Lamprecht 083 499 2021 (Ba2)
Johanna Potgieter 073 278 2794 (BB1a)
Annabeth Schreuder (PM1)
Schalk Schreuder (PM1)
Annetjie Strever 082 212 3146 (KB6)
Maksi van Aardt (KP2)
Madri van Wyk (Bb2)
Marietjie van Zyl 083 324 7184 (KP1)
Tersia Viljoen 082 338 2164 (Bb1)

## Woensdag 5 Augustus

Tiaan Beukes (Sc2)
Alet Fourie 082 562 7190 (Sa2)
Henna Meyer 082 848 5122 (PM3)
Sinta Viljoen 072 656 2150 (BB1b)

## Donderdag 6 Augustus

Maureen de Villiers 084 804 3413 (KB2)
Kobus Grobler 083 656 6457 (Sb4)
Jurie Human 082 777 4512 (Sb1)
Chantelle Maree (Ba3)
Annina Schultz 072 692 6627 (PB1)
Willem Smit 083 687 8922 (Sb2)
Nita van Eeden (Sa3)
Hannes van Zyl 072 371 6300 (HK3)

## Vrydag 7 Augustus

Hennie Coetzee 079 821 9549 (KB1)
Belinda van Eck 082 513 7376 (PB1)




**1. Gesels bietjie saam...**
- Ons almal maak staat op sekere dinge in die lewe. Waarop vertrou mense gewoonlik wanneer die lewe onseker raak? (Byvoorbeeld: geld, werk, familie, gesondheid, kennis of goeie beplanning.)
- Vertel van 'n keer toe iets waarop jy staatgemaak het, jou teleurgestel het. Wat het jy daaruit geleer?

**2. Ons storie nou...**
- Waarom dink jy probeer mense so hard om alles onder beheer te hou?
- Ons leef in 'n wêreld waar ons maklik voel ons moet die regte dinge doen, die regte besluite neem en die regte "blokkies afmerk". Hoekom dink jy is dit so moeilik om eenvoudig op God se beloftes te vertrou?

**3. God se storie...**
Lees Romeine 9:1–13 saam.
- Wat tref jou die meeste in hierdie gedeelte?
- Waarom begin Paulus hierdie moeilike hoofstuk met sy diepe liefde en hartseer oor Israel?
- Die groot vraag in Romeine 9 is: Het God se beloftes misluk omdat baie van Israel Jesus nie aanvaar het nie? Hoe antwoord Paulus hierdie vraag in vers 6?
- Lees weer vers 4–5. Watter voorregte het Israel ontvang? Waarom was hierdie voorregte alleen nie genoeg om hulle verhouding met God te waarborg nie?
- Paulus wys dat God se verbond nie rus op menslike prestasie of afkoms nie, maar op God se trou. Waarom is dit goeie nuus vir ons vandag?

**4.Hoe die Bybel ons storie verander...**
- Op watter dinge is jy geneig om jou sekerheid te bou? Jou kennis van die Bybel? Jou dienswerk? Jou geskiedenis in die kerk? Jou eie pogings om 'n goeie Christen te wees?
- Hoe help Romeine 9 jou om eerder op God se belofte as op jou eie prestasie te vertrou?
- Waar het jy hierdie week nodig om weer te glo dat God se beloftes vasstaan, selfs wanneer jou omstandighede of jou gevoelens anders sê?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede vir hierdie roeping**

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag - Romeine 9:1-13
- Dinsdag - Psalm 85:8-13
- Woensdag - Gen 37:1-4&12-28
- Donderdag - Matt 14:22-33
- Vrydag - Rom 10:5-15




Daar is so baie afgetrede predikante op Jeffreysbaai, mens kan eintlik 'n mini-sinode uit hulle saamstel, sê ds Joe Janse van Rensburg (38) van dié gemeente in 'n Kerkbode-artikel.

Daar is 'n hele paar soorte afgetrede predikante, vertel hy. Dis nou as jy let op hoe hulle optree teenoor hulle steeds-dienende predikantskollegas. Hul optrede wissel, van die ondersteunende, begripvolle emeritus en koninkryksbouer tot by die selfaangestelde kwaliteitsbeheerder of "opposisieleier".

By die deel van hierdie artikel op Facebook het verskeie predikante waardering uitgespreek. Sommige emeriti (meervoud van emeritus) sê van hierdie rolle inspireer hulle. Ander, soos dr Paul Barnard van Helderberg-gemeente, verduidelik dat dit aangename herinneringe aan gewaardeerde afgetrede rolspelers in sy lewe oproep.

Tog onthou hy ook afgetrede kollegas "wat so vasgevang was in agendas, standpunte en struwelinge dat die liefde nie altyd sigbaar was nie."

Wat mens laat wonder hoe so 'n mini-sinode se sitting daar op Jeffreysbaai sal lyk? Veral as die opposisieleiers en die kwaliteitsbeheerders die voortou neem. Straks só:

Gelukkig is die minderheid emeriti só. Ook op Jeffreysbaai.

Joe sê hy skryf tong-in-die-kies, maar daar is natuurlik 'n goeie skoot waarheid in die artikel. Daar is baie waardering in sy skrywe, maar ook ongemaklike waarheid.  Hy sluit sy artikel af deur te sê die beste emeriti wat hy ken, is nie dié wat voortdurend probeer bewys hulle was reg of steeds al die antwoorde het nie. Dis dié wat jonger predikante laat voel: “Ek is saam met jou. Ek bid vir jou. Ek is beskikbaar as jy my nodig het.”

Emeriti kan ‘n onskatbare rol as mentors, bemoedigers, wysheidsdraers en voorbidders speel. Lees gerus sy volledige artikel op Kerkbode se webblad.

